7. Wellington Museum

Wellington

Die Wellington Museum vertel die verhaal van die ryke erfenis van hierdie klein dorpie met uitstallings oor plaaslike geskiedenis, waaronder uitstallings in verband met die inheemse mense. Daar is ook uitstalling wat gewy word aan die erfenis van Andrew Murray, wat laat in die 19de eeu groot invloed op Christelike onderwys op Wellington gehad het.

Hoek van Kollege- en Kerkstraat
Wellington

Ure:
Weeksdae: 8:00 – 16:00
Tel: 021 873 4710

E-pos: welmus@telkomsa.net
Webtuiste: www.wellingtonmuseum.co.za

Toegangsgeld word gehef

8. Worcester Museum

Worcester

Die grootste trekpleister van die Worcester Museum is die opelugmuseum met sy lewende plaasdiere. Ambagte, handwerk en huishoudelike aktiwiteite wat die vroeë landbou uitbeeld, byvoorbeeld die verwerking van tabak, die rooster en maal van koffiebone, die maak van seep en kerse, die maal van meel en bakwerk word gereeld by die museum gedemonstreer. Die uitstalling fokus op die ontwikkeling van landbou in die groter Boland-streek.

Kleinplasie
Robertson-pad
Worcester

Ure: Weeksdae: 08:00 – 16:00
Saterdag: 08:00 – 13:00

Tel: 023 342 2225

E-pos: Francois.Fouche@westerncape.gov.za

Toegangsgeld word gehef

9. Togryersmuseum

Ceres

Die woord "Togryers", wat transportryers beteken, het onstaan weens die groot invloed wat die transportryers van die 1900's op die ontwikkeling van Ceres gehad het. Pragtige uitstalling van waens laat mens terugdink aan hierdie era.
Ander uitstallings vertel die verhaal van Ceres, onder andere van die gedwonge verskuiwings van die sestigerjare, die aardbewing van 1969, en die natuurgeskiedenis van die groter gebied. Die museum bied die geleentheid om vrugtesap te proe aangesien Ceres belangrike vrugteproduksiegebied is.

Oranjestraat 8
Ceres

Ure: Weeksdae: 08:30 – 17:00
Sondae en Openbare Vakansiedae: 09:00 – 12:00

Tel: 023 312 2045

E-pos: togryersmuseum@gmail.com
Webtuiste: www.ceresmuseum.co.za

Toegangsgeld word gehef

10. Oude Kerk Volksmuseum

Tulbagh

De Oude Kerk is een van die laaste kerke waar die kruisvorm-argitektuur behoue gebly het. Die kerk is in 1743 deur die VOC (Hollandse Oos-Indiese Kompanjie) gebou. Die gebou huisves unieke versameling artefakte van die Hollandse tydperk en is aangrensend tot die historiese begraafplaas. Die museumkompleks bestaan uit vier historiese geboue: De Oude Kerk, huis uit die Victoriaanse tydperk, 'n Kaaps-Hollandse pioniershuis en die aardbewingmuseum. Al hierdie geboue is in Kerkstraat, Tulbagh, geleë.

Kerkstraat 4
Tulbagh

Ure: Weeksdae: 09:00 – 17:00
Saterdag: 09:00 – 15:00
Sondag: 11:00 – 15:00

Tel: 023 230 1041

E-pos: Shurine.vanNiekerk@westerncape.gov.za
Toegangsgeld word gehef

11. Montagu Museum

Montagu

Montagu Museum bestaan uit drie geboue, naamlik die Ou Sendingkerk (1907), Joubert Huis (1983) en die KWV-gebou. Die oorspronklike preekstoel vorm die fokuspunt van die kerk. Besienswaardighede sluit die navorsingsprojek oor inheemse medisinale plante, die Francoise Krige-versameling skilderye en die T.O. Honiball-versameling spotprente in.
Joubert huis beeld die leefstyl van die landelike Victoriaanse era uit. Die tuin met medisinale kruie weerspieël die inheemse kennis van die vroegste mense wat in die gebied gebly het.
Die nuwe kunsgalery is in 2007 in deel van die KWV-gebou op die hoek van Kohler- en Langstraat gevestig.

Langstraat 41
Montagu

Ure:
Weeksdae: 9:00 – 16:30
Saterdag – Sondag: 10:00 – 12:00

Tel: 023 614 1950

E-pos: mmuseum@telkomsa.net

Toegangsgeld word gehef



Weskus

1. SA Visseryemuseum
De Villiers-straat
Velddrif, Laaiplek
Tel: 022 783 2531
E-pos: seaquiz@mweb.co.za
Webtuiste: www.safisheriesmuseum.co.za

2. Koringbedryfmuseum
Hoofstraat 134
Moorreesburg
Tel: 022 433 1093
E-pos: kormuseum@wcaccess.co.za
Webtuiste: www.moorreesburgtourism.co.za/wheat-industry-museum-er5wu

3. Jan Danckaert Museum
Hoek van Mark- en Piet Retief-straat
Porterville
Tel: 022 931 3528
E-pos: jdmuseum@telkomsa.net

Kaapse Wynland

4.Stellenbosch Museum
Ryneveldstraat 18
Stellenbosch
Tel: 021 887 2937
E-pos: manager@stelmus.co.za
Webtuiste: www.stelmus.co.za

5. Hugenote Gedenkmuseum
Lambrechtstraat
Franschhoek
Tel: 021 876 2532
E-pos: admin@museum.co.za

6. Paarl Museum
Hoofstraat 303
Paarl
Tel: 021 872 2651
E-pos: paarlmuseum@telkomsa.net

7. Wellington Museum
Hoek van Kollege- en Kerkstraat
Wellington
Tel: 021 873 4710
E-pos: welmus@telkomsa.net
Webtuiste: www.wellingtonmuseum.co.za

8. Worcester Museum
Kleinplasie
Robertson-pad
Worcester
Tel: 023 342 2225
E-pos: Francois.Fouche@westerncape.gov.za

9. Togryersmuseum
Oranjestraat 8
Ceres
Tel: 023 312 2045
E-pos: togryersmuseum@gmail.com
Webtuiste: www.ceresmuseum.co.za

10. Oude Kerk Volksmuseum
Kerkstraat 4
Tulbagh
Tel: 023 230 1041
E-pos: Shurine.vanNiekerk@westerncape.gov.za

11. Montagu Museum
Langstraat 41
Montagu
Tel: 023 614 1950
E-pos: mmuseum@telkomsa.net

Wes-Kaapse Regering
Kultuursake en Sport

BETER TESAME.

MUSEUMROETE
KAAPSE WYNLAND EN WESKUS

Weskus

1. SA Visseryemuseum

Velddrif

Die SA Visseryemuseum vertoon die geskiedenis van die netvisvangsbedryf aan die Weskus en het omvattende uitstalling oor walvisse en die walvisvangsbedryf. Die museum sluit ook die geskiedenis van Velddrif in.

De Villiers-straat
Laaiplek

Tel: 022 783 2531

Ure:
Dinsdag – Vrydag: 10:00 – 16:00
Saterdag: 10:00 – 13:00

E-pos: seaquiz@mweb.co.za
Webtuiste: www.safisheriesmuseum.co.za

Toegangsgeld word gehef

2. Koringbedryfmuseum

Moorreesburg

Die Koringbedryfmuseum beeld die landbougeskiedenis van die koringbedryf en koringboerdery uit met uitstallings van gereedskap, toerusting en boerderyprosesse. Die museum is bekend vir "The Pink Lady", Ransome-dorsmasjien wat gebruik is om koring te oes. Unieke interaktiewe uitstalling beeld uit hoe die dorp gedurende die verskillende tydperke gelyk het.

Hoofstraat 134
Moorreesburg

Tel: 022 433 1093

Ure:
Maandag – Donderdag: 08:00 – 16:30
Vrydag: 08:00 – 16:00

E-pos: kormuseum@wcaccess.co.za
Webtuiste: www.moorreesburgtourism.co.za/wheat-industry-museum-er5wu

Toegangsgeld word gehef

3. Jan Danckaert Museum

Porterville

Die museum is vernoem na die leier van die eerste Nederlandse ekspedisie na hierdie gebied. Die museum het permanente uitstalling van antieke San-rotstekeninge en artefakte uit die Groot Winterhoekberge en omgewing. Die museum het ook klaskamer van die eerste skool op Porterville, wat 24 Riveren Primêre genoem is, herskep.

Hoek van Mark- en Piet Retief-straat
Porterville

Tel: 022 931 3528

Ure:
Weeksdae: 9:00 – 16:00
Saterdag: 9:00 – 13:00

E-pos: jdmuseum@telkomsa.net

Kaapse Wynland

4. Stellenbosch Museum

Stellenbosch

Die Stellenbosch Museum bestaan uit verskeie geboue oral in die dorp. Dit sluit vier historiese huise wat uit die 18de eeu dateer, die VOC Arsenaal (Kruithuis) en die speelgoed- en miniatuurmuseum in. Schreuderhuis (een van die historiese huise) het ten spyte van talle brande wat die dorp sedert die 18de eeu bedreig het, behoue gebly. Uitstalling wat historiese brandweerwa insluit, vertel die verhaal van die brande. Die uitstalling oor die mense van Stellenbosch weerspieël die plaaslike geskiedenis en sluit argeologiese versameling in. Die museum huisves ook interessante versameling skoene wat deur die bekende Lubbe-familie geskenk is.

Ryneveldstraat 18
Stellenbosch

Tel: 021 887 2937

Ure: Maandag – Saterdag: 09:00 – 17:00
Sondag: 10:00 – 13:00 (Mei – Augustus) 10:00 – 16:00 (September – April)

E-pos: manager@stelmus.co.za
Webtuiste: www.stelmus.co.za

Toegangsgeld word gehef

5. Hugenote Gedenkmuseum

Franschhoek

Die uitstallings by die Hugenote Gedenkmuseum beeld die aankoms van die Franse Hugenote aan die Kaap, tussen 1688 en 1720, uit. Daar is ook anneks wat meer onlangs oorkant die straat opgerig is en waar uitstallings oor plaaslike geskiedenis en die afstammelinge van die Hugenootfamilies besigtig kan word.

Lambrechtstraat
Franschhoek

Tel: 021 876 2532

Ure:
Maandag – Saterdag: 09:00 – 17:00
Sondag: 14:00 – 17:00

E-pos: admin@museum.co.za

Toegangsgeld word gehef

6. Paarl Museum

Paarl

Paarl Museum het talle historiese en kulturele uitstallings wat die geskiedenis van die Paarl Vallei uitbeeld. Uitstallings dek die tydperk van die vroeë geskiedenis van die Paarl tot die hedendaagse Paarl. Groot gedeelte van die museumversameling bestaan uit antieke Kaapse stukke en artefakte wat die ryk kultuurverskeidenheid en ontwikkeling van die Paarl uitbeeld.

Hoofstraat 303
Paarl

Ure:
Weeksdae: 09:00 – 16:00
Saterdag: 09:00 – 13:00

Tel: 021 872 2651

E-pos: paarlmuseum@telkomsa.net

Toegangsgeld word gehef

Die Kaapse Wynland-streek is baie bekend vir sy wingerde, vrugteboorde, Kaaps-Hollandse argitektuur en meubels. Veldblomme, hengel en rooibostee is eie aan die Kaapse Weskus. Die Weskus spog ook met wingerde en uitsonderlike fauna. Die gebied vertel die verhale van San- en Khoi-voorgeslagte, koloniale setlaars, die mense wat hulle as slawe na die gebied gebring het en van pionierboere, asook die geskiedenis van die verskillende mense wat hierdie streek hul tuiste noem. Die geskiedenis van dié mense en hul wedervaringe word in die museums van die Kaapse Wynland en die Weskus opgeteken.
Besoekers kan tussen vele roetes in hierdie streke kies. U kan aan die Weskus begin en suidoos reis na die Kaapse Wynland, of u kan in die Wynland net buite Kaapstad begin en u reis aan die Weskus afsluit. Watter roete u ook al kies, u sal verskeidenheid aspekte van die Wes-Kaapse landbou-ekonomie ervaar. Terwyl u tussen die plase ry en die veranderende landskap geniet, kan u dalk wonder oor die geskiedenis van die gebied, die aard van die boerdery, die mense en hul leefwyse.
Stop gerus by een van die plaaslike museums op die lys hier onder om meer uit te vind van die gebied en sy geskiedenis. U kan bietjie rus, plaaslike produkte geniet en by die museumwinkels aandenkings koop om huis toe te neem. Besoek asseblief https://www.westerncape.gov.za/museums om kommentaar te lewer en u ondervinding met ons te deel.